basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met TWAALF vrae in totaal. Beantwoord slegs NEGE vrae soos volg:

   AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)
   - Beantwoord DRIE van die VYF vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)
   - Beantwoord SES van die SEWE vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8 en VRAAG 9. Indien jy al twee vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

4. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word indien jy gevra word om te verduidelik/breedvoerig te skryf/beskryf/ontleed/evalueer/vergelyk, ens. NIE. Skryf jou antwoorde in volsinne. Jy verdien EEN punt per feit.

5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: DANSBESERINGS (VERPLIGTEND)

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Jou vriend, Jabu, het gedurende die dansklas oor pyn en swelling in sy enkelgewrig gekla. Hy sukkel na klas om sy enkelgewrig te beweeg of om gewig op sy voet te plaas. |

1.1 Dui aan wat met Jabu se enkelgewrig verkeerd kan wees. (1)

1.2 Beskryf DRIE moontlike oorsake van Jabu se besering. (3)

1.3 Verduidelik VIER moontlike behandelings vir Jabu se enkelgewrigbesering. (4)

1.4 Beskryf DRIE oefeninge wat Jabu kan doen om sy algehele fiksheid te behou terwyl sy besering besig is om te herstel. (3)

1.5 Bespreek VIER uitdagings wat Jabu kan ervaar wanneer hy, nadat hy van sy besering herstel het, na die dansklas terugkeer. (4)
**[15]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

### VRAAG 2: DANSTEGNIEK (KEUSEVRAAG)

2.1 Verduidelik die korrekte postuur en belyning van die liggaam en die bene wanneer daar na 'n sprong geland word om veilige danspraktyk te verseker. (6)

2.2 Reflekteer/Besin oor hoe jy hierdie jaar jou danstegniek verbeter het. (4)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: SPIERE EN ANATOMIESE AKSIES (KEUSEVRAAG)

**Beantwoord hierdie vraag slegs indien jy spiere en anatomiese spieraksies bestudeer het.**

3.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Beantwoord enige DRIE van die VYF meervoudigekeuse-vrae.

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.1.6 A.

3.1.1 Die agterdyspiergroep is vir die ... verantwoordelik.

A strekking van die kniegewrig
B fleksie van die kniegewrig
C uitwaartse rotasie van die heup
D fleksie van die heupgewrig

3.1.2 Teenoor watter ander spier werk die gastrocnemius as antagonis?

A Agterdyspier
B Tibialis anterior
C Biceps brachii
D Soleus

3.1.3 Die ... tree tydens laterale fleksie as 'n stabiliserende spier op.

A transversus abdominis
B deltoid
C pectoralis major
D Geeneen van die bogenoemde nie

3.1.4 Waar kry die sternocleidomastoid sy naam vandaan?

A Dit is vernoem na die funksies wat dit verrig.
B Dit is 'n spiergroep wat drie spiere bevat.
C Dit verwys na die punte van aanhegting.
D Geeneen van die bogenoemde nie

3.1.5 Die volgende spiere werk saam tydens die strekking van die werwelkolom:

A Erector spinae, multifidi en quadratus lumborum
B Trapezius en pectoralis major
C Gracilis en pectineus
D Rectus abdominis en eksterne obliques

(3 x 1) (3)

3.2 Noem die spier wat verantwoordelik is vir die adduksie van die heupgewrig en die fleksie van die kniegewrig. (1)

3.3 Identifiseer die anatomiese aksie waarvoor die extensor digitorum longus en die extensor hallucis longus verantwoordelik is. (1)

3.4 Identifiseer die spier wat vir die interne rotasie van die heupgewrig verantwoordelik is. (1)

3.5 Kies enige TWEE van die spiere in die lys hieronder.

| | | |
|---|---|---|
| deltoid; | latissimus dorsi; | pectoralis major; |
| trapezius; | serratus anterior; | rhomboid |

Noem die TWEE spiere wat jy gekies het en bespreek in breë trekke (volledig) hoe hierdie spiere in dans gebruik word. (2 x 2) (4)
**[10]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 4: FIKSHEIDSKOMPONENTE (KEUSEVRAAG)**


4.1 Kies 'n term uit KOLOM A wat by 'n beskrywing in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Kinestetiese bewustheid | A die vermoë om vinnig en effektief te beweeg |
| 4.1.2 Ratsheid | B 'n innerlike bewustheid van hoe jou liggaam beweeg |
| 4.1.3 Ruimtelike bewustheid | C die vermoë om op veranderende omstandighede te reageer/ toepaslike reaksie (emosie) |
| 4.1.4 Ritme | D bewustheid van die ruimte wat deur jou en ander se liggame gebruik word |
| 4.1.5 Reaktiwiteit | E in staat om beweging by musiek te laat pas |

(5 x 1) (5)

4.2 Verduidelik hoe goed ontwikkelde kardiovaskulêre uithouvermoë 'n danser se prestasievermoë kan verbeter. (5)

4.3 Ontleed die foto hieronder en verduidelik hoe die posisie deur die danser gehou word.



[Bron: http://www.mocp.org/detail.php?type=related&kv=5736&t=objects] (5)

**[15]**

**OF**

**VRAAG 5: POSITIEWE LIGGAAMSBEELD (KEUSEVRAAG)**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

**BEVORDER GESONDE LIGGAAMSBEELD IN DIE ATELJEE**

Dansers het dae wanneer hulle lomp of ongemaklik in hulle liggame voel. Daardie dae wat af en toe plaasvind doen gewoonlik geen skade aan die persoon se liggaamsbeeld nie, want liggaamsbeeld word ontwikkel deur volgehoue erkenning en respek vir jou natuurlike vorm. Jy leer ook om negatiewe gedagtes en gevoelens met positiewe aanvaarbare gedagtes te oorheers. Dit is ingewikkeld vir dansers om 'n positiewe liggaamsbeeld te ontwikkel en te handhaaf. Die een dag hou hulle baie van hoe hulle lyk; die volgende dag is hulle wanhopig omdat hulle te kort/lank/maer/lomp of ongemaklik is. Hulle vergelyk hulleself met ander.

[Bron: www.jackrabbitdance.com]

5.1 Verwys na die artikel hierbo en beskryf hoe 'n swak selfbeeld jou as 'n dansleerder kan beïnvloed. (5)

5.2 Ontwerp 'n A4-grootte pamflet oor 'Positiewe Liggaamsbeeld' wat jy by 'n dansfees wil uitdeel. Doen dit in jou ANTWOORDEBOEK.

**LET WEL:** Jy hoef nie verskillende kleure in jou ontwerp te gebruik nie.

Punte sal vir kreatiwiteit en 'n innoverende uitleg toegeken word. (10)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: MUSIEK (VERPLIGTEND)

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.1 tot 6.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

6.1 Sinkopasie verwys na wanneer verskillende note gelyktydig gehoor word. (1)

6.2 Melodie is die rangskikking van toonhoogtes/klanke om 'n herkenbare deuntjie te vorm. (1)

6.3 Toonhoogte is hoe hoog of laag die note is in verhouding tot ander note. (1)

6.4 Harmonie is wanneer twee of meer ritmes gelyktydig plaasvind. (1)

6.5 Dinamiek verwys na hoe hard of sag, vinnig of stadig 'n noot of seksie van die musiek gespeel word. (1)
**[5]**

### VRAAG 7: CHOREOGRAFIESE STRUKTURE (VERPLIGTEND)

Definieer die volgende choreografiese strukture/elemente:

7.1 Kanon (1)

7.2 Tema (1)

7.3 Motief (1)

7.4 Klimaks (1)

7.5 Unison-beweging (1)
**[5]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8 en VRAAG 9.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 8: LOOPBANE EN FUNKSIES VAN DANS (KEUSEVRAAG)**

8.1 Noem TWEE loopbane wat nodig is om 'n professionele verhoogproduksie te bestuur. (2)

8.2 Beskryf kortliks die hooffunksie van elke loopbaan wat in VRAAG 8.1 geïdentifiseer is. (2)

8.3 Vergelyk die verskille tussen die funksies van teater- en kulturele dansvorms in die gemeenskap. Teken die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en beantwoord soos volg:

| | **DANSFUNKSIE** | **TEATER** | **KULTUREEL** |
|---|---|---|---|
| 8.3.1 | Onderrig | | |
| 8.3.2 | Kompetisie | | |
| 8.3.3 | Kommunikasie | | |

(6 x 1) (6)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 9: DANSBEGINSELS EN GESKIEDENINS VAN HOOFDANSVORM (KEUSEVRAAG)**

9.1 Noem jou hoofdansvorm.

9.2 Hoe word die volgende dansbeginsels in jou hoofdansvorm gebruik?

9.2.1 Swaartekrag (1)

9.2.2 Arms (1)

9.2.3 Liggaamshouding (1)

9.3 Beskryf EEN belangrike eienskap wat jou hoofdansvorm duidelik sal identifiseer. (1)

9.4 Skryf 'n paragraaf waarin jy kortliks SES belangrike feite oor die geskiedenis van jou hoofdansvorm in breë trekke beskryf. (6)
**[10]**

**VRAAG 10: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF EN DANSWERK (VERPLIGTEND)**

Kies EEN van die internasionale choreograwe en EEN van sy/haar danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances/Rooster* |
| George Balanchine | *Apollo/Jewels (Emeralds, Rubies, Diamonds)* |
| Jiří Kylián | *Wings of Wax* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |

10.1 Gee die naam van die internasionale choreograaf wat jy gekies het.

10.1.1 Gee VYF belangrike invloede wat die choreograaf se persoonlike en/of professionele lewe beïnvloed het. (5)

10.1.2 Ontleed die choreograaf se invloed op die danswêreld. (5)

10.2 Gee die naam van die danswerk wat jy gekies het.

'n Choreograaf kan met dans uitbeeld wat woorde alleen nie kan sê nie.

Bespreek krities die gekose danswerk met verwysing na die stelling hierbo en verduidelik hoe simboliek gebruik is. Gebruik voorbeelde om jou antwoord te regverdig. (8)
**[18]**

## VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF EN DANSWERK (VERPLIGTEND)

Kies EEN van die Suid-Afrikaanse choreograwe en EEN van sy/haar danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Bolero/The Last Dance/Cargo/ Rain in a Dead Man's Footprints* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons/Beauty Trilogy/ Skeleton Dry/Somehow Delightful* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

11.1 Gee die naam van die Suid-Afrikaanse choreograaf wat jy gekies het.

11.1.1 Beskryf die choreografiese kenmerke wat hierdie choreograaf in sy/haar danswerke gebruik. (5)

11.1.2 Ontleed die invloed wat hierdie choreograaf op dans in Suid-Afrika gehad het. (5)

11.2 Gee die naam van die danswerk wat jy gekies het.

Na jou mening, hoe het die produksie-elemente en bewegingswoordeskat die danswerk wat jy gekies het, gekomplementeer? Gebruik voorbeelde om jou antwoord te regverdig. (8)
**[18]**

## VRAAG 12: REFLEKSIE/NADENKE (VERPLIGTEND)

Dink na oor hoe die danswerke wat jy op video, YouTube of lewendig gesien het, jou as danser beïnvloed het. **[4]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou